

Hy het vir ons gesterf, in ons plek (1 Petrus 3:18), die Onskuldige vir die skuldige; die Regverdigte in die plek van die onregverdigte.

Hy het soos ons geword – sodat ons soos Hom mag word.

Hy was verwerp – sodat ons aanvaar mag word.

Hy was veroordeel – sodat ons vergewe mag word.

Hy was gestraf – sodat ons vrygespreek mag word.

Hy het gely – sodat ons versterk mag word.

Hy was gesesel – sodat ons genees mag word.

Hy was gehaat – sodat ons liefgehê mag word.

Hy was gekruisig – sodat ons geregverdig mag word.

Hy was gemartel – sodat ons getroos mag word.

Hy het gesterf – sodat ons mag lewe.

Hy was hel toe – sodat ons mag Hemel toe.

Hy het verduur wat ons verdien – sodat ons dit mag geniet wat net Hý verdien!

"Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes."
1 Johannes 4:10

God is 'n Heilige God en Sy regverdigte standarde word deur Sy Wet weerspieël. Ons is sondig en het nodig om ons sonde te bely en ons vertrou in Hom te stel.

Het jy jou eie sonde en tekortkominge voor die Almagtige God bely? Het jy al vir Hom dankie gesê dat Hy aan die Kruis vir jou sonde gesterf het?

Jesus het vir jou gesterf. **Leef jy vir Hom?**

dr. Peter Hammond
Frontline Fellowship
Posbus 74 Nuweland 7725
Kaapstad Suid-Afrika
Tel: 021-689-4480
Fax: 021-685-5884
mission@frontline.org.za
www.frontline.org.za



Kontak Frontline Fellowship vir meer evangelisasie en dissipelskap literatuur. Besoek die webtuiste vir digitale hulpbronne en vir informasie met betrekking tot kampe en kursusse.

WIE HET JESUS DOODGEMAAK?



Wie is vir Christus se lyding verantwoordelik? As ons die Evangelies lees, of selfs na 'The Passion of the Christ' film kyk, moet hierdie vraag een van die kardinale vrae in ons gemoed wees.

1. Blameer ons die **Romeinse Soldate?** Dit was tog hulle wat Hom aan die kruis vasgespyker het!
2. Dit was tog sekerlik die Romeinse goewerneur, **Pontius Pilatus**, wat hiervoor verantwoordelik was? Nét hy het die mag gehad om die doodstraf af te dwing. Tog was dit hy, goewerneur van die Romeinse Ryk, wat verklaar het dat hy: "...geen skuld in Hom vind nie" (Johannes 19:4). Tog het hy onder druk geswig en 'n onskuldige Man veroordeel om sodoende politieke diensbaarheid te betoon en om onder die Jode gewild te wees.

Dit was 'n betekenislose gebaar om sy hande openlik in "onskuld te was" en dan te verklaar dat hy onskuldig is van die bloed van Jesus (Matthéus 27:24). Hoe skynheilig tog! Hy was die Romeinse goewerneur. As die hoogste gesag in die land het hy verklaar: "**Julle het hierdie Man na my gebring as een wat die volk afvallig maak. En nou het ek in julle teenwoordigheid ondersoek ingestel en in hierdie Man geen skuld gevind aan die dinge waarvan julle Hom beskuldig nie.**" Lukas 23:14

“Hy wat die goddelose regverdig verklaar en die regverdige skuldig verklaar, hulle altwee is vir die Here ’n gruwel.” Proverbs 17:15

3. Wat van die **skare in die straat?** Hulle was tog die mense wat druk op Pilatus uitgeoefen het om Jesus ter dood te veroordeel! **“Bevry Barábbas!” “Laat Hom gekruisig word!”** het hulle geskree. **“En die hele volk antwoord en sê: ‘Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom!’”** Matthéüs 27:25
4. Dit was egter **die geestelike leiers** wat die saak teen Jesus geïnisieer het. Dit was hulle wat die skare aangespoor het om te skree dat Barabbas vrygelaat moet word en dat Jesus aan die kruis moes hang. (Matthéüs 26:3-4; Lukas 22:3-4; Johannes 7:32).

“En daar was ’n sekere Barábbas wat met mede-oproermakers in die gevangenis was; en hulle het in die opstand ’n moord begaan... Maar die owerpriesters het die skare aangehits dat hy liever Barábbas vir hulle moes loslaat.” Markus 15:7,11

“Maar hulle het aangehou me+96t ’n harde geroep en geëis dat Hy gekruisig moes word; en hulle geroep en dié van die owerpriesters het die oorhand gekry. Toe gee Pilatus uitspraak dat aan hulle eis voldoen moet word. En hy het die een vir hulle losgelaat wat oor opstand en moord in die gevangenis gewerp was, die een wat hulle geëis het. Maar Jesus het hy aan hulle wil oorgelewer.”

Lukas 23: 23-25

5. Natuurlik - dit was **Judas** wat Jesus verraai het - vir slegs 30 silwer muntstukke. Judas was een van die Here se 12 vertroude dissipels, maar die tesourier het die verraaier geword.

Dit is deesdae baie algemeen dat Hollywood-produksies baie simpatiek teenoor Judas staan, maar die Bybel is baie duidelik: Judas was hebsugtig (Matthéüs 26:14-15); vals (Lukas 22:47-48); oneerlik en skynheilig (Johannes 12:5-6). Die Bybel is baie duidelik daaroor - Judas het Jesus verraai (Matthéüs 10:4). Judas het die priestershoofde gevra: **“Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg.”** Matthéüs 26:15

Die Bybel meld verder ook dat die priesterhoofde verheug was oor Judas se verraad (Markus 14:11). Alhoewel Judas die tesourier van die 12 was, wat voorgegee het dat hy besorg was oor die armes, openbaar

die Woord dat hy eintlik ’n dief was wat van Jesus self geld gesteel het (Johannes 12:4-6). Hy was beslis nie ’n slagoffer van sy omstandighede wat eintlik dinge goed bedoel het nie - hy was ’n kwaadwillige verraaier.

Die Evangelie van Johannes sê eenvoudig in hoofstuk 13:27: **“...het die satan in hom ingevaar.”** Jesus is deur Judas verraai!

6. En tog, was dit nie God se wil dat Christus aan die kruis moes ly nie? Jesus het in die tuin van Getsemane gebid: **“Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied!”** Lukas 22:42
7. Ons moet egter ook vra of Jesus nie sêlf vir Sy eie dood verantwoordelik was nie. Soos ons Here immers verklaar het: **“...Ek lê My lewe af vir die skape... niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang”** Johannes 10:15-18. Ons Here was nie ’n slagoffer of ’n martelaar nie. Hy was ’n vrywillige Offer - ’n Versoening - vir ons sonde.
8. So, in die finale analise – was dit nie **JOU SONDE EN MY SONDE** wat die oorsaak vir die smart en die soendood van ons Here Jesus Christus aan die kruis was nie? Dit was vir my sonde wat Hy gely en gesterf het!

“Hy is geslaan en gepynig ter wille van ons sondes. Hy is gestraf sodat ons in vrede kon leef. Hy is geslaan sodat ons gesond kon word. Almal van ons het weggedwaal soos ’n klomp skape. Ons het God se paaie verlaat om ons eie te volg. En toe het die Here ons almal se skuld en sondes op Hom laat neerkom. Hy is geslaan en mishandel, maar Hy het Sy mond nie oopgemaak nie. Hy is soos ’n lam wat ter slagting gelei word. Soos ’n skaap stil is voor sy skeerders, so het Hy Sy mond nie oopgemaak nie. Hy is verdruk, skuldig bevind, en weggelei na Sy dood. Wie van Sy mense het besef dat Hy vir hulle sondes doodgemaak word? Dat Hy eintlik in hulle plek gestraf word... Hy het die sondes van baie gedra en vir sondaars gebid.” Jesaja 53:5-12

Die Lam van God

Jesus Christus is ons Paaslam (1 Korinthiërs 5:6-8); ons Sonde-offer (Romeine 8:3); ons Soenoffer (Romeine 3:25). Toe Christus, die perfekte Seun van God, ’n Lam sonder gebrek (1 Petrus 1:19) wat Sy kosbare bloed vir ons, aan die Kruis, gestort het, was dit ’n plaasvervangende dood.